# EFÉSIËRS 5:22-33

**TEMA: Vind jou posisie in die huwelik**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 5:22-33**

**Efe 5:22 Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.**
**Efe 5:23 Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam.**
**Efe 5:24 Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.**
**Efe 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het**
**Efe 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,**
**Efe 5:27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.**
**Efe 5:28 So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;**
**Efe 5:29 want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.**
**Efe 5:30 Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.**
**Efe 5:31 Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.**
**Efe 5:32 Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.**
**Efe 5:33 In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig.**

## 1. EENHEID

**Efe 5:22 Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.**
**Efe 5:23 Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam.**

Ons moet hierdie gedeelte baie mooi verstaan. Kom ons lees net gou-gou verder dan kan ons weer daaroor praat.

Wat Hy hier sê is, dat vir die vrou in die huwelik in die eenheid met haar man staan. Mense asseblief, julle is nie man en vrou nie. Julle is 'n eenheid. Jy sal nêrens vir my in die Bybel ‘n plek vind waar God verwys na die huwelik of waar Hy praat van man en vrou nie. Hy praat van die eenheid, Hy praat van een vlees, Hy praat van 'n gesamentlike eenheid. Hy sê, *"Vroue wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here."*

1. **Nou wanneer is die man die hoof van die vrou?** Wanneer moet die vrou die man onderdanig wees? Alleenlik, so ver as wat dit gaan volgens die Woord. Die man kan nie die vrou in 'n situasie indwing waar sy goddelose dinge moet doen of in dinge betrokke moet aanraak en dan wil sê hy is die hoof nie.

‘n Sekere voorval van ‘n egpaar het ons in die bediening ervaar. Die man was redelik 'n welaf man en het 'n baie hoë pos beklee. Die vrou was 'n hele paar jaar jonger as haar man. Hy wou sy vrou dwing

om saam met hom dwelms te gebruik en saam met hom 'n derde persoon in te kry vir 'n seksuele naweek en gepaardgaande dinge. Mense dit kan nie so werk nie.

2. <u>Die man het alleenlik die plek as hoof van die vrou, solank hy in die plek staan waar Christus staan.</u> Soos Christus die Hoof is van die gemeente so, moet die man die hoof wees van die vrou. Met ander woorde slegs in daardie gesagsposisie kan hy beheer voer. Nie regeer of heers nie, hy moet slegs leiding gee. Ongelukkig is daar baie mans wat verwag die vrou moet hulle slawe wees en dis nie so nie. Die een is aanvullend tot die ander een.

### 2. <u>GESAGSPOSISIE</u>

**Efe 5:24 Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.**

**Efe 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het**

Die Skrif sê dit duidelik "*Net aan hulle eie mans".* Nie aan alle mans nie, maar hulle eie mans. "Soos die gemeente aan Christus onderdanig is". En dis hoekom Christus lei met liefde, sagmoedigheid, lankmoedigheid en al hierdie woorde wat Christus vir ons gestel het. Dit is dieselfde voorbeeld wat die man moet stel om ook die gesagsposisie te kan inneem en uit daardie gesagsposisie sal die vrou hom dan onderdanig wees. Sal sy hom dan ondersteun.

### 3. <u>OFFER</u>

**Efe 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het**

**Efe 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,**

**Efe 5:27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees***.*

Dit moet 'n geheel en al 'n totale oorgawe wees; 'n oorgawe daad wat die man vir sy vrou en huisgesin offer, soos wat Christus Hom totaal en al geoffer het vir Sy gemeente, vir Sy bruid, vir Sy kerk. *"Om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad van die woord*." Ons sien dus nou uit die voorbeeld wat Christus gestel het, dat die man presies dieselfde plek moet inneem.

### 4. <u>RESPEK</u>

**Efe 5:28 So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief***;*

Mense hierdie gedagte is vir my 'n baie teer sakie. Ek het lank gelede, sonder om name te noem, die voorreg gehad, om volgens my, saam met sekerlik een van die grootste geestelike leiers in die wêreld, tydens twee uitreikings te kon bedien. Hy is 'n hoog geleerde man wie alreeds verskeie presidente en konings persoonlik dwarsoor die wêreld bedien het. Die goeie vriend, 'n baie groot Godsman, het eendag teenoor my 'n opmerking gemaak. Hy het gesê, hy "*sal nooit 'n man saam met hom vat om te bedien as daardie man nie sy eie huis kan bedien en as daardie man nie sy vrou met respek kan behandel nie*". Hy sê, "*want dan is hy nie in die plek wat die Here wil hê nie*".

Dit het my geweldig geraak. Ek wedervaar dit dikwels ook in ons bediening, dat as 'n man nie sy eie vrou kan respekteer nie, sal die vrou nie aan die man onderdanig wees nie; sal sy ook nooit aan Christus onderdanig wees nie. Sy sal net nie. Dis vice versa ook die geval. As die man nie sy vrou kan respekteer nie, sal hy die kerk nie respekteer nie. Hy sal die Christelike beginsels en dinge ook nie respekteer nie. Wanneer die vrou nie haar man kan aanvaar nie, sal sy nooit die gemeente of die leierskap en die liggaam kan aanvaar nie.

-o0o-

Dit is rebellie al die pad en van Satan. Dit werk egter beide kante toe. So ja, julle mans, julle moet julle vroue liefhê, soos julle self. "*want wie sy eie vrou lief het, het homself lief*." Mense dis waar. As jy nie jou vrou liefhet nie, kan jy nie jouself liefhê nie.

Ons manne moet net een ding baie mooi verstaan, die vrou is die grootste geskenk wat God ooit vir die man kan gee en hoe behandel ons ons vrouens? Hoe behandel ons dit wat God vir ons gegee het? Die Here het vir ons 'n vrou gegee. Elke man het 'n vrou, maar hoe behandel ons daardie vrou? Regtig met respek en eerbied? Hoe respekteer ons haar liggaam? Hoe kyk ons na haar, hoe versorg ons haar? Kyk ons altyd dat sy goed versorg is? As dit kom by die seksuele daad, respekteer ons daardie tempel of wil ons hê sy moet met ons hoerery bedrywe? Ek praat reguit, maar dis waar, want ek het al die vreeslikste goed al gehoor.

## 5. <u>OUERS</u>

**Efe 5:29 want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.**
**Efe 5:30 Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.**
**Efe 5:31 Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.**
**Efe 5:32 Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.**
**Efe 5:33 In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig.**

Ek soveel keer al gesien dat ouers wil probeer inmeng by kinders se huwelike.
Mense jy kan nie, jy kan nie, jy kan nie, jy kan nie!
Ja, jy kan raad gee, maar jy moet toelaat dat kinders hulle eie huwelike reguleer en kontroleer en hulle eie huwelike lei. Soos ek sê ons kan raad gee, maar dit is die gevaarlikste ding as 'n pa of 'n ma in 'n huwelik wil inkom en wil hiet en gebied en daardie huwelik wil reguleer. Pasop, mense pasop! Ek waarsku vir julle. Los die kinders uit, laat hulle asseblief hulle eie huwelike reël! As hulle kom raad vra, dan kan jy raad gee. Ek het al gesien dat ouers aandring dat die kinders by hulle in die ouerhuis moet inwoon. Die kinders wil nie, maar hulle mag nie gaan nie, want hulle moet hier in die huis aanbly. Dis die verkeerde ding, want daardie man sal nooit in sy plek inkom nie en die vrou sal nooit in 'n plek kom nie, want hulle is dan altyd onderdanig aan die pa en die ma. Pasop daarvoor.

Die Bybel stel dit duidelik daarom moet die man huis verlaat, *sy vader en sy moeder verlaat sy en vrou aankleef en hulle twee sal een vlees wees. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet haar man eerbiedig."*

## 6. <u>VOORSKRIFTE</u>

Mense as ons 'n gesonde huwelik wil hê, hier is die voorskrifte. Daar is nie ander voorskrifte nie.

- Die man het sy plek om in te pas;
- Die vrou het haar plek om in te pas;
- Dit is nie 'n saak van werk teen mekaar nie;.
- Die vrou is daar om die hulp vir die man te wees. Sy kom uit die rib uit, sy staan langs haar man;
- Sy is daar om haar man in 'n gesagsposisie in te bid.

Julle vrouens as julle nie weet hoe om vir julle mans te bid nie, gaan op ons webblad **www.mountzionministeries.net**, en dan kyk jy onder gebede. Daar sal jy 'n gebed vind, Skrif wat die vrou vir die man bid, sodat sy haar man in die gesagsposisie in bid.

Ek gaan nou vir julle baie, baie, baie groot ding sê.
Weet julle hoekom is die meeste mans nie op plekke nie?

-o0o-

- **Omdat die vrouens verkeerd bid!**

Die Bybel sê die man het 'n hulp nodig en as die vrou nie op die regte manier funksioneer nie, met ander woorde as sy nie Woord bid en profeties spreek oor haar man nie, sal haar man nooit in daardie plek wees nie, want hy het haar nodig om daardie plek in te neem. Sy moet hom in daardie gesagsposisie in bid, sy is onderdanig aan hom, om hom op te lig, om hom op tel, sodat hy dan op die regte plek kan kom. Ek sien al te dikwels tydens berading sessies, dat die oomblik as die vrou die regte Woord begin bid; die regte dinge begin bid en die Woord begin bid, kom daar 'n verskil in die huisgesin.

Komaan dames, besoek die webblad, laai af daardie gebed, begin dit vir oor jou man te bid. Dit is Woord. Julle sal opmerk, dit is soos die Vader 'n Koning is, so moet jou man koning wees, soos Jesus die Priester is, so moet jou man die priester wees; soos die Heilige Gees die Profeet is, so moet in kort gestel, so moet jou man die profeet, die mondstuk van die Heilige Gees wees in die huis.

-o0o-